



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

LEWENDE HAWE & AFSLAERSDIENSTE
LIVESTOCK & AUCTIONEERING

Grahamstadweg 61, Grahamstown Road
Noordeinde/ North End
Port Elizabeth, 6001
Direk/Direct: 066 190 8699
Epos/Email: Elouise.hattingh@bkb.co.za

BIOSEKURITEITSPROSEDURES –VEILINGSPERSEEL

DEEL 1:

Hiermee 'n opsomming van aspekte/pligte wat deur 'n Biosekuriteitspraktisyn nagegaan/uitgevoer moet word op die dag van 'n veiling. Hierdie pligte is deur die SAVC en APAC neergelê. Slegs 'n geregistreerde beampte van die SAVC kan toesien dat dit nagekom word.

Biosekuriteitspunte wat opgestel moet word by stoetvee/produksie & algemene veilings.	
Die kantoorbeampte, verantwoordelik vir die opstel/voorbereiding van biosekuriteitstoerusting/perseel by elke veiling, moet omsien na al die aspekte hieronder, op die die dag van die veiling. (DOA)	
Ingangshek	Slegs Een (1) ingang word toegelaat na 'n veilingsperseel. Alle ander ingange moet gesluit word.
Registrasie by ingangshek	By hierdie ingang moet 'n opgeleide werknemer van BKB gestasioneer wees wat die volgende inligting moet bekom, op die voorgeskrewe register, van alle persone wat die veilingsperseel betree:- <i>Naam van persoon.</i> <i>Kontak Telefoonnommer.</i> <i>Voertuig registrasienommer.</i> <i>Dorp van oorsprong.</i> Elke bladsy van hierdie register moet duidelik genommer word. Hierdie inligting moet vir ten minste 6 weke na veiling bewaar word. Die persoon wat die hek beman, moet heeldag op sy pos wees, en mag nie die punt verlaat met aanvang van die veiling nie. Biosekuriteit is dié belangrikste afdeling van 'n veiling.
Sanitering van voertuie by ingangshek	'n Brandspuit of Hoëdrukspuit wat F10 / A.C.T / Vircon S bevat, moet gebruik word by ingang. (Rugsakspuit of iets soortgelyk is nie voldoende.) Elke voertuig wat by hek inkom moet behoorlik gespuit word.
Parkeer area	Ingang na Parkeer area moet gemerk wees met kennisgewingborde as Parkeer Area . Vanaf die parkeer area na veilingsarea moet daar slegs Een (1) ingangshek na die veilingsarea wees waar diere besigtig kan word. Alle ander ingangshekke moet gesluit wees. Indien daar nie ingangshekke is nie, moet een geskep word met rooi en wit plastiek ('dangertape') sodat daar net een enkele punt van toegang kan wees.
Voetbad na skoon/kantoor/ring areas	'n Voetbad moet by ingang na skoon area (ring) geplaas word. Binne in die voetbad moet hesieen/goingsak/dun spons/sentetiese gras wees met ontsmettingsmiddel nl F10 / Virkon S / A.C.T
Kennisgewingborde	Duidelike kennisgewingborde moet op die perseel aangebring word. Gebruik voorgeskrewe borde.
Stoetvee veilings	Alle diere wat op die dag van die veiling aangebied word, moet vooraf deur 'n veearts getoets en geïnspekteer wees. 'n Gesondheidsverklaring, uitgereik deur die kudde-veearts, moet in besit wees van die eienaar. Hierdie verklaring mag nie ouer as sewe (7) dae voor die veilingsdatum wees nie.



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

LEWENDE HAWE & AFSLAERSDIENSTE
LIVESTOCK & AUCTIONEERING

Grahamstadweg 61, Grahamstown Road
Noordeinde/ North End
Port Elizabeth, 6001

Direk/Direct: 066 190 8699

Epos/Email: Elouise.hattingh@bkb.co.za

BIOSEKURITEITSPRAKTISYN

DEEL 2:

Hiermee 'n opsomming van pligte soos deur 'n Biosekuriteitspraktisyn uitgevoer moet word die dag van 'n veiling. Hierdie pligte is deur die SAVC en APAC neergelê en slegs 'n geregistreerde beampte van die SAVC raad mag hierdie pligte uitvoer.	
Teenwoordigheid: Biosekuriteitspraktisyn	Geen veiling mag gehou word as daar nie 'n Biosekuriteitspraktisyn/Veearts/DGT teenwoordig is nie. Slegs SAVC gekwalifiseerde persoon, nl. Biosekuriteitspraktisyn/Veearts/DGT mag opdragte gee ivm Biosekuriteit.
Inspeksie	Alle diere wat die veilingsperseel binnekom, moet deur die Veterinêre beampte geïnspekteer word.
Dokumentasie	Alle dokumentasie, moet volledig, deur die eienaar van daardie diere, reeds voltooi wees voordat hy die veilingsperseel betree. Bemerkers moet asb toesien dat dokumentasie korrek en volledig voltooi word. Art 6 & Gesondheidsverklaring Art 8, slegs as eienaar van 'n vervoerkontraakteur gebruik maak Afskrif van ID, (moet ooreenstem met die ID op brandmerkcertifikaat) Brandmerkcertifikaat Geen diere mag sonder bogenoemde dokumentasie by veilingsperseel toegelaat word nie. Al is die brandmerkcertifikaat op rekenaar, moet dit nogsteeds aangeheg word. Geen dokumentasie mag deur die Veterinêre beampte voltooi word namens 'n ander persoon nie. Slegs eienaar mag dit voltooi.
Gesondheidsverklaring	As 'n Veearts gesondheidsverklaring ingehandig word, moet diere nogsteeds geïnspekteer word. Enige siekte kan binne 24h simptome wys.
Staatsveearts	Indien daar 'n verdagte voorval is, moet die Staatsveearts dadelik gekontak word. Geen diere mag uit die rooikraal verkoop word nie. Daardie diere is afgekeur. Die Staatsveearts sal verdere besluitneming doen.
Dieregesondheid	Enige dieregesondheidsprobleme mag slegs deur die Veterinêre beampte hanteer word. Geen diere met bosluise mag op veilings toegelaat word nie. Bemerkers moet kliënte versoek dat alle diere voor die veilings behandel moet wees teen bosluise. Bosluise kan siektes veroorsaak bv. Hartwater, rooiwater, anaplasmoses, bosluisoksikose ens.
Troeteldiere	Geen troeteldiere word by lewende hawe veilings toegelaat of verkoop nie, slegs lewende hawe.
Almal, (Bemerkers/Bestuurders/Kantoor personeel) se samewerking word gevra. Hierdie is 'n baie ernstige afdeling van Dieregesondheid by ons veilings.	

Dr. Cobus Oberholster

HOOFBESTUURDER: LEWENDE HAWE, EIENDOMME & AFSLAERSDIENSTE

Datum: 28/06/2023

E. Hattingh
Elouise Hattingh

BIOSEKURITEITSPRAKTISYN:
LEWENDEHAWE VEILINGS



#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

#IntegrityIntegrated